SPORT

MINI-SKAAK

Die Mini-Skaak program is ‘n opvoedkundige program wat in Suid-Afrika ontwikkel is in samewerking met onderwysers en skaakkundiges en word reeds met groot sukses by verskeie skole in Suid-Afrika aangebied deur ‘n goed opgeleide en ervare skaakafrigter. Leerders vanaf Gr R tot Gr 3 ontvang weekliks skaakafrigting tydens die akademiese program.

Die Program fokus op die volgende aspekte:

- Ontwikkeling van vaardighede wat Wiskunde en Wetenskap ondersteun.
- Tegniese- en lewensvaardighede.
- Aktiwiteite so konkreet en visueel moontlik aan te bied.
- Leer d.m.v. spel.

DOEL VAN MINI-SKAAK

Mini-Skaak help met die ontwikkeling van logiese denke en syfervaardighede, kreatiwiteit, probleemoplossing- en beplanningsvaardighede en verbeterde konsentrasie. Leerders geniet die afrigting en spel en sien uit na elke les. Bekwame afrigters help om ‘n liefde vir skaak by leerders aan te kweek. Skaak is ‘n sportsoort wat deur alle ouderdomme beoefen kan word.

HOEKOM AAN MINI-SKAAK DEELNEEM?

Mini-Skaak ontwikkel leerders se intellektuele kapasiteit en skoolgereedheid en sodoende word alle akademiese vaardighede verbeter. Leerders word geleer om geduldig te wees, vooruit te beplan en om strategies te dink. Selfdissipline en uithouvermoë word ook by leerders gekweek.

SPORT

SKAAK

Skaakafrigting word vanaf Januarie tot einde Oktober op Maandaemiddae aangebied deur professionele afrigters. Elke graad word gedurende ‘n spesifieke tydsgleuf afgerig.

Gedurende die jaar neem skaakspelers aan die volgende skooltoernooie deel, nl. Super 12 - Skaak, 2de Kwartaal Liga (gevorderde spelers), 3de Kwartaal Liga (beginners). Op skolevlak neem spelers deel in die volgende ouderdomsgroepe: o/9, o/11, o/13 en ook ‘n dogterspan. Spelers kan ook registreer by ‘n Gauteng-Noord Unie waar hul aan toernooie kan deelneem om sodoende uitgenooi te word na Gauteng-Noord proewe. Indien spelers gekies word vir die Gauteng-Noord span, verteenwoordig hulle Gauteng-Noord tydens die SA-Junior Skaak Kampioenskappe.

Laerskool Elarduspark streef na uitmuntende skaak. Vir die afgelope 7 jaar bied L/s Elarduspark einde Oktober die welbekende Lardie Ope Skaaktoernooi aan. Dit is ook bekend as een van die gewildste toernooie op die skaakkalender. Om te kwalifiseer vir skoolspanne moet spelers by elke afrigtingsessie opdaag en is dit ook ‘n vereiste dat leerders wel aan Gauteng-Noord toernooie deelneem.

DOEL VAN SKAAK

Skaak stel kinders op ‘n vroeë ouderdom in staat om verskeie lewensvaardighede te bemeester, naamlik die ontwikkeling van die brein, die aanleer van hoe om ‘n probleem te analiseer, op te breek, te fokus op die belangrike aspekte en die afleibare elemente uit te skakel. Dit help ook met die ontwikkeling van logiese denke en die vermoë om emosies te beteuel wat weer die bevordering van selfbeheersing en selfvertroue tot gevolg het.

HOEKOM AAN SKAAK DEELNEEM?

Kinders leer om as volwassenes planne te maak, pligsgetrou te wees en selfontwikkeling is aan die orde van die dag.

TOOT
TOOT!!